# Hoërskool NOORDHEUWEL
## AANVULLENDE INLIGTING

KRAG DEUR KENNIS

| A. LEERDERBESONDERHEDE | | | |
|---|---|---|---|
| Van: | | | |
| Doopnaam: | | | |
| Noemnaam: | | | |
| Graad waarvoor ingeskryf word: | | Jaar: | |

| VAKKEUSE VIR SENIORS: | | | |
|---|---|---|---|
| 1. Afr | 2. Eng | 3. Lo | 4. |
| 5. | 6. | 7. | 8. |

| *VIR KANTOORGEBRUIK:* | |
|---|---|
| Inskrywingsdatum: | Inskrywingsnommer: A |
| Algemene Opmerkings: | |
| | |
| | |
| Rooster: | Finansies: |
| SASPAC: | |

**DIE AANSOEK WORD NIE AANVAAR INDIEN DIE ONDERSTAANDE DOKUMENTASIE NIE AANGEHEG IS NIE**

| KONTROLELYS | JA | NEE |
|---|---|---|
| 1. Afskrif van moeder en vader se identiteitsdokumente | | |
| 2. Afskrif van identiteitsdokument/geboortesertifikaat van leerder | | |
| 3. Afskrif van rapport van vorige skool | | |
| 4. Bewys van adres | | |

## LEERDERBESONDERHEDE VERVOLG

| | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| HET JY AL VOORHEEN HIER INGESKRYF? | NEE | | JA | | | | | | | | |
| INDIEN JA, IN WATTER JAAR? | | | | | | | | | | | |
| VORIGE SKOLE | Laerskool: | | Hoërskool: | | | | | | | | |
| LAASTE SKOOL SE ADRES (INDIEN VANAF BUITELAND - LAASTE SKOOL WAT LEERDER IN DIE RSA BYGEWOON HET) | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | |
| | Telefoonnommer: | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | |
| REDE VIR SKOOLVERWISSELING | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | |
| IS VOORTSETTING VAN STUDIE BY ENIGE SKOOL IN ENIGE STADIUM IN DIE VERLEDE AAN JOU GEWEIER? | JA | | NEE | | | | | | | | |
| GESINSOPSET | GETROUD | | GESKEI | | WEDUWEE | | WEWENAAR | | VERVREEM | | VOOG |
| MORTALITEIT: (Merk korrekte een) | Eie vader oorlede | | Eie moeder oorlede | | Beide ouers oorlede | | | | | | |
| KERKVERBAND | | | LERAAR | | | | | | | | |
| LEERDER SE GESLAG | MANLIK | | VROULIK | | POSISIE IN GESIN | | UIT (GETAL KINDERS) | | | | |
| GEBOORTEDATUM | | | IDENTITEITSNOMMER | | | | | | | | |
| JARE IN GRAAD | | | OUDERDOM | | | | | | | | |
| BEVOLKINGSGROEP | | | HUISTAAL | | | | | | | | |
| VERHOUDING TOT OUER | BIOLOGIES | | AANGENEEM | | PLEEGSORG | | KLEINKIND | | ANDER | | |
| KOMMUNIKASIE NA | PA | | MA | | ALBEI | | VOOG | | | | |

| AKADEMIESE TOEKENNINGS ONTVANG: | |
|---|---|
| KLEURE, EREKLEURE, PENNING, ANDER (HEG BEWYSE AAN.) | JAARTAL |
| | |
| | |

## B. GESINSBESONDERHEDE

### OUER 1 SE BESONDERHEDE

| | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| OUER SE NAAM Van: | | | | | | | | | | |
| Voornaam (name): | Noemnaam: | | | | | | | | | |
| Voorletters: | Titel: dr/mnr | | | | | | | | | |
| BEROEP | | | | | | | | | | |
| BEROEPSTATUS | Nieprofessioneel | ☐ | Professioneel | ☐ | Tydelik | ☐ | Kontrakwerker | ☐ | Werkloos | ☐ |
| | Pensioenaris | ☐ | Huisvrou | ☐ | Student | ☐ | Deeltyds | ☐ | Voltyds | ☐ |
| HUISTAAL | Afrikaans | ☐ | Engels | ☐ | Ander | ☐ | | | | |
| TAALVOORKEUR | | | | | | | | | | |
| WOONADRES | | | | | | | | | | |
| POSADRES | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | |
| HUISTELEFOONNOMMER | | | | | | | | | | |
| SELFOONNOMMER | | | | | | | | | | |
| E-POSADRES (Persoonlik) | (werk) | | | | | | | | | |
| WERKGEWER | | | | | | | | | | |
| WERKADRES (Fisies) | Poskode: | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | |
| WERK TELEFOONNOMMER | | | | | | | | | | |
| IDENTITEITSNOMMER | | | | | | | | | | |
| BRUTO INKOMSTE | | | | | | | | | | |
| ANDER KONTAKPERSOON | | | | | | | | | | |

### OUER 2 SE BESONDERHEDE

| | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| OUER SE NAAM Van: | | | | | | | | | | |
| Voornaam (name): | Noemnaam: | | | | | | | | | |
| Voorletters: | Titel: dr/mnr | | | | | | | | | |
| BEROEP | | | | | | | | | | |
| BEROEPSTATUS | Nieprofessioneel | ☐ | Professioneel | ☐ | Tydelik | ☐ | Kontrakwerker | ☐ | Werkloos | ☐ |
| | Pensioenaris | ☐ | Huisvrou | ☐ | Student | ☐ | Deeltyds | ☐ | Voltyds | ☐ |
| HUISTAAL | Afrikaans | ☐ | Engels | ☐ | Ander | ☐ | | | | |
| TAALVOORKEUR | | | | | | | | | | |
| WOONADRES | | | | | | | | | | |
| POSADRES | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | |
| HUISTELEFOONNOMMER | | | | | | | | | | |
| SELFOONNOMMER | | | | | | | | | | |
| E-POSADRES (Persoonlik) | (werk) | | | | | | | | | |
| WERKGEWER | | | | | | | | | | |
| WERKADRES (Fisies) | Poskode: | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | |
| WERK TELEFOONNOMMER | | | | | | | | | | |
| IDENTITEITSNOMMER | | | | | | | | | | |
| BRUTO INKOMSTE | | | | | | | | | | |
| ANDER KONTAKPERSOON | | | | | | | | | | |

## VOOG SE BESONDERHEDE

| | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| VOOG SE NAAM Van: | | | | | | | | | |
| Voornaam (name): | Noemnaam: | | | | | | | | |
| Voorletters: | Titel: dr/mnr | | | | | | | | |
| BEROEP | | | | | | | | | |
| BEROEPSTATUS | Nieprofessioneel | ☐ | Professioneel | ☐ | Tydelik | ☐ | Kontrakwerker | ☐ | Werkloos ☐ |
| | Pensioenaris | ☐ | Huisvrou | ☐ | Student | ☐ | Deeltyds | ☐ | Voltyds ☐ |
| HUISTAAL | Afrikaans | ☐ | Engels | ☐ | Ander | ☐ | | | |
| TAALVOORKEUR | | | | | | | | | |
| WOONADRES | | | | | | | | | |
| POSADRES | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | |
| HUISTELEFOONNOMMER | | | | | | | | | |
| SELFOONNOMMER | | | | | | | | | |
| E-POSADRES (Persoonlik) | (werk) | | | | | | | | |
| WERKGEWER | | | | | | | | | |
| WERKADRES (Fisies) | Poskode: | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | |
| WERK TELEFOONNOMMER | | | | | | | | | |
| IDENTITEITSNOMMER | | | | | | | | | |
| BRUTO INKOMSTE | | | | | | | | | |
| ANDER KONTAKPERSOON | | | | | | | | | |

## GESONDHEIDSTOESTAND VAN LEERDER

1. Wat is die algemene fisiese en emosionele welstand van die leerder?

2. Ly die leerder aan een van die volgende, of enige ander ERNSTIGE siekte(s) of toestande, of het hy/sy daaraan gely?

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Doofheid/hardhorendheid | ☐ | Epilepsie | ☐ | Depressie | ☐ |
| Gedeeltelike blindheid/swak sig | ☐ | Ernstig leergerem | ☐ | Ander (noem): | |

3. Ander gebreke, asook beskrywing van toestande in punt 2 genoem:

4. Allergieë: ______________________________

Telefoonnommer: ______________________

## C. BUITEMUURSE AKTIWITEITE

1. Ek gee hiermee toestemming dat my seun/dogter aan die buitemuurse aktiwiteite van die skool mag deelneem en toere en uitstappies mag meemaak wat vir die beoefening daarvan nodig is.
2. Ek aanvaar dat alle redelike voorsorg getref sal word vir die veiligheid en welstand van my kind en dat ek verantwoordelik gehou sal word vir die betaling van mediese en/of hospitaalrekeninge, indien van toepassing, in geval van 'n besering wat nie aan die nalatigheid van die verantwoordelike personeel toegeskryf kan word nie.
3. Ek dra my magtiging as ouer/voog oor aan die hoof van die skool of sy verteenwoordiger (In Loco Parentis) indien mediese behandeling/ chirurgiese ingreep vir my kind nodig mag wees. Sover ek weet, is hy/sy fisies in staat om aan die genoemde aktiwiteite deel te neem en verkeer hy/sy in goeie gesondheid.
4. Ek onderneem om my kind na afloop van aktiwiteite so gou moontlik by skool af te haal en nie die skool in 'n situasie te plaas waar my kind 'n sekuriteits-/veiligheidsrisiko word nie.
5. Buitemuurse aktiwiteite waaraan reeds deelgeneem is:

5.1 Sport

| Sportsoort | Span / Byeenkoms | Posisie / Item | Provinsiale Kleure | Nasionale Kleure | Hoogste Merietetoekenning | Jaartal |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | |
| | | | | | | |
| | | | | | | |
| | | | | | | |

5.2 Kultuur

| Aktiwiteit | Jaartal | Hoogste Merietetoekenning |
|---|---|---|
| | | |
| | | |
| | | |

5.3 Leiersposisies

| Posisie | Jaartal |
|---|---|
| | |
| | |

Ons strewe na balans in ons opvoedingsbenadering - derhalwe word daar ruim op kultuur- en sportgebied geleenthede geskep om op 'n hoë vlak kompeterend te wees. In die lig hiervan word elke leerder verplig om betrokke te wees by ten minste een van die verskeidenheid kultuur- en een van die sportaktiwiteite wat by Hoërskool Noordheuwel aangebied word.

Dui asseblief deelname hieronder aan:

| SPORTSOORT | |
|---|---|
| Atletiek | |
| Tennis Seuns | |
| Tennis Dogters | |
| Rugby | |
| Krieket | |
| Gholf | |
| Landloop | |
| Skaak | |
| Netbal | |
| Hokkie Seuns | |
| Hokkie Dogters | |
| Muurbal | |
| Skuba | |
| Avontuursport | |
| "Cheerleaders" | |
| Perdesport | |

| KULTUURAKTIWITEIT | |
|---|---|
| Drama | |
| Redenaars | |
| Revue (elke 2de jaar) | |
| Koor | |
| Kamerkoor | |
| CSV | |
| Talentweek (elke 2de jaar) | |
| Ensemble | |
| Debat | |
| Kunswedstryde | |
| Dans | |
| Spreekkoor | |
| Mnr en Mej Norie | |

## D. REKENINGPLIGTIGE - INLIGTING

☐ OUER 1 ☐ OUER 2 ☐ ANDER

| | | | |
|---|---|---|---|
| Titel: | Voorletters: | Volle name: | |
| Van: | | Noemnaam: | |
| ID-nommer: | ☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐ | Werkgewer: | |
| Taalvoorkeur: | | Kontakpersoon: | |
| | | Straatadres: | |
| | | | Poskode: |
| Kommunikasievoorkeur: | SMS ☐ E-pos ☐ Pos ☐ | Per hand ☐ | |
| Telefoonnommer: | | Faks: | |
| Posadres: | | | |
| E-posadres: | | Selfoonnommer: | |

**NB! AFSKRIFTE VAN BEIDE OUERS SE IDENTITEITSDOKUMENTE MOET HIERAAN VASGEHEG WORD.**

**ONDERNEMING VIR DIE BETALING VAN SKOOLGELD**

Ek, die ondergetekende, ____________________________________________

*(volle naam en van in drukskrif)*

ouer/voog van die volgende kind/kinders (gee volle naam en van, van elke kind):

1. .............................................................. Graad: ..................... Rekeningnommer:..........................................
2. .............................................................. Graad: ..................... Rekeningnommer:..........................................
3. .............................................................. Graad: ..................... Rekeningnommer:..........................................

Verklaar hiermee:

1. Dat ek aanspreeklik sal wees vir die stiptelike betaling van skoolgeld en moontlike heffings wat uit hoofde van my verbintenis met **HOËRSKOOL NOORDHEUWEL** betaalbaar is en jaarliks deur die Beheerliggaam bepaal word;
2. dat bogenoemde inligting korrek is, en dat ek daarvan bewus is dat ek vir alle opsporingskoste asook prokureurs-/kliëntekoste verantwoordelik sal wees, indien die rekening aan 'n prokureur of skuldinvorderaar oorhandig sou word vir invordering;
3. dat ek kennis neem dat skoolgeld jaarliks in November vasgestel word en in 12 maandelikse paaiemente betaalbaar is. Die eerste paaiement is betaalbaar by registrasie.

Alhoewel u as ouers/voogde aanspreeklik is vir skoolgeld kan u ingevolge die Suid-Afrikaanse Skolewet, nr 84 van 1996, aansoek om vrystelling doen. Dokumente en hulp in dié verband is op aanvraag beskikbaar by die finansieskantoor.

Betaling van skoolgeld aan Hoërskool Noordheuwel sal soos volg geskied:

| | |
|---|---|
| Korting voor of op einde Februarie. | |
| Debietorder (12 paaiemente): (Debietordervorms word eenmalig voltooi, die bedrag word jaarlik aangepas, waarvan die 1ste betaling betaalbaar is voor of op die 1ste skooldag van die jaar. | |
| Maandeliks: oor 12 maande (kontant of elektronies) | |
| Aansoek vir subsidies moet voor einde Februarie ingelewer word. | |
| Reëlings vir betalings sal voor einde Februarie met die finansieskantoor getref word. | |

Geteken te Krugersdorp op hierdie ............. dag van ...................................................................... .............20......

**OUER/VOOG : ...................................................................................................**
**(Handtekening van persoon verantwoordelik vir rekening)**

## E. VISIE EN MISSIE

### Visie

Hoërskool Noordheuwel moet die mees gesogte
Christelike Afrikaanse Hoërskool wees wat
strewe na uitnemendheid en die uitleef van ons waardes.

### Missie

Ons streef daarna om ons visie te bereik deur:

- Christelike moedertaalonderrig
- Uitmuntende akademie
- Lojaliteit, integriteit, dissipline en wedersydse respek
- Uitnemendheid en gebalanseerdheid ten opsigte van sport, kultuur, geestelike en emosionele ontwikkeling
- Gelukkige, gemotiveerde en betrokke leerders en ouers
- Uitnemende onderrig met gemotiveerde en kwaliteitonderwysers

## TOELATINGSVEREISTES

1. Ouers van leerders wat die eerste keer by die skool wil inskryf, moet by die skoolhoof aansoek doen om toelating van 'n kind tot die skool;
2. Goedkeuring vir toelating is onderhewig aan die ouderdomsvereistes soos bepaal in artikel 50 van Wet 70 van 1988. 'n Leerder mag ook nie meer as twee jaar ouer wees as die gemiddelde ouderdom van die graadgroep waarvoor aansoek gedoen word nie;
3. Ouers verklaar dat hulle hulle vereenselwig met die Christelike karakter van die Afrikaanse kultuuraard van die skool en **Afrikaans as voertaal** aanvaar. Ouers verbind hulle ook daartoe dat leerders deelneem / meedoen aan die godsdienstige, kulturele, kurrikulêre en buitekurrikulêre aktiwiteite wanneer die genoemde aktiwiteite by die skool beoefen word;
4. Alle leerders en hulle ouers / voogde onderneem om die neergelegde skoolreëls na te kom en aanvaar ook die skool se dissiplinêre beleid en dissiplinêre maatreëls soos deur die Beheerliggaam bepaal;
5. Leerders wat toegelaat word, moet aan die akademiese vereistes van die spesifieke graad voldoen;
6. Die onderrigmedium van die skool is Afrikaans;
7. Leerders vanaf ander skole moet ook 'n aanvaarbare amptelike bewys van goeie gedrag en skolastiese vordering van sodanige skool kan lewer;
8. Ouers verbind hulle kinders tot deelname aan die totale kurrikulum van die skool en onderneem om toe te sien dat alle klasse en aktiwiteite gereeld bygewoon word;
9. Leerders binne die skool se voedingsgebied sal by aansoek om skooltoelating, voorkeur by toelating geniet.
10. Ouers / voogde wat die aansoekvorm onderteken, is verantwoordelik om die finansiële verpligtinge, soos in die aansoekvorm bespreek, stiptelik na te kom;
11. Aansoekers sal by aanvaarding van die aansoek 'n registrasiebedrag soos deur die Beheerliggaam bepaal, betaal wat van die verskuldigde bedrag skoolgeld afgetrek sal word;
12. Dit word van elke leerder verwag om eerstens vir die skool se sportspanne beskikbaar te wees voordat buitedeelname oorweeg word;
13. Die Beheerliggaam behou die reg van uitsetting van leerders voor, langs die amptelike weë op grond van swak of wangedrag.

# SKOOLREËLS

**Skoolure**
Maandag tot Vrydag - 07:25 tot 14:00

**Afwesigheid**
Leerders mag slegs as gevolg van siekte of 'n grondige rede afwesig wees en indien 'n leerder afwesig is, word verwag dat die ouers die kantoor voor 09:00 sal skakel. Ouers sal op dieselfde dag per sms in kennis gestel word indien 'n leerder gedurende registerperiode afwesig gemerk word. 'n Mediese sertifikaat is noodsaaklik vir afwesighede tydens amptelike toetse en eksamens. As 'n leerder **'n paar dae lank afwesig sal wees**, moet die ouers die personeel telefonies of per brief daarvan in kennis stel en in geval van langdurige siekte, moet die leerder 'n mediese sertifikaat, op die eerste dag na afwesigheid, by die voogonderwyser inlewer. **Ouers moet poog om mediese, tandarts- en rybewysafsprake slegs na skoolure te maak.** Dit is die leerder wat afwesig is se plig om agterstallige skoolwerk in te haal, maar hulle kan op die onderwysers se ondersteuning staatmaak. Skoolversuim (en ontduiking van lesure) word in 'n ernstige lig beskou en kan tot skorsing lei.

**Leerlinge wat die terrein vroeër moet verlaat**
- Die volgende reëls t.o.v. uitteken by die skool is vir u kind se eie veiligheid en is ook 'n voorkomingsmaatreël vir stokkiesdraai.
- Ouers en leerders word versoek om by die skoolreëls m.b.t. die uitteken van leerders, te hou.
- Afsprake moet vooraf in die leerder se dagboekie aangeteken word.
- Die graadvoog / adjunkhoof moet dan teken om toestemming te verleen.
- Leerders word dan op die tyd, soos aangedui in die dagboekie, uit die klas na die ontvangslokaal verskoon.
- Ouers moet leerders persoonlik by die ontvangs kom uitteken en afhaal.
- Leerders wat gedurende die dag ongesteld raak of wat dringend uitgeteken moet word, moet persoonlik deur hul ouers by ontvangs afgehaal word en uitgeteken word NADAT die graadvoog / adjunkhoof toestemming verleen het.

**Skooldrag**
Dit is 'n voorreg en eer om skooldrag te dra: leerders se optrede moet spreek van trots op en buite die terrein. Alle skooldrag moet verkieslik met die leerder se naam gemerk word. Die skooldrag word volledig uiteengesit in die leerderdagboekie.

**Hare Seuns**
**Voorskrifte wanneer die hare afgekam word**: Mag die kante nie oor die ore hang nie • Moet die lengte van kuif 20mm bokant die wenkbroue wees; • Mag dit agter nie dikker as 40mm wees nie; • Mag die wangbaard nie laer as die middeloor gedra word nie en moet dit kort gesny wees. Daar moet elke dag geskeer word. **Verdere spesifikasies** Geen "vreemde" of onkonvensionele haarstyle word toegelaat nie, bv. Mullet; • Hare mag nie gekleur of gebleik word nie; • Hare mag nie in die nek 'n stertjie vorm nie en moet nie 'n wal of verdikking hê nie; • Geen eksamen, kompetisie, funksie of opvoering word as verskoning aanvaar om hare te laat groei of om skooldragreëls te oortree nie; • Geen oormatige jel of mousse mag gebruik word nie, of enige middel wat nat of gepluisde voorkoms verleen nie; • Die haarvorm moet egalig vertoon. • Hare moet ten alle tye aan die reëls voldoen en netjies wees.

**Hare Dogters**
Hare moet netjies wees. Dit moet 'n paslike styl wees vir 'n skooldogter wat 'n uniform dra. • Slegs natuurlike haarkleur word toegelaat. Geen uiterste haarkleure soos raafswart, wortelrooi of spierwit (gebleik), ens. word toegelaat nie. Die uitgroei van gekleurde hare word nie toegelaat nie. Indien 'n dogter hierdie reël nie nakom nie, sal sy versoek word om haar hare binne 3 dae reg te maak. • Lang hare of hare wat aan die onderkant van die kraag raak, moet stewig teen die kop vasgemaak wees en uit die oë weggebind word. • Kuiwe mag nie wenkbroue raak nie en die wat voor die ore, oor die wenkbroue hang, moet stewig vasgemaak of vasgesteek wees. • Hare mag geensins in slierte in die gesig en langs die gesig hang nie. • Geen stertjies en vreemde los toutjies word toegelaat nie. • Hare moet natuurlik gekam word. Hare mag onder geen omstandighede regop staan nie. Geen "wet look" word toegelaat nie. Geen oormatige jel of mousse mag gebruik word nie. • Geen **wilde of uitheemse haarstyle** is aanvaarbaar nie.

**Juwele**
**Dogters**: Slegs die volgende is toelaatbaar: Horlosies met konvensionele armbandjies • Slegs een paar oorringetjies in die oorlob (een aan elke oor). • Ringetjies moet glad, dun en rond wees met 'n maksimum deursnit van 1cm. • Slegs een paar 5mm goue of silwer oorknoppies (studs) in die oorlob (een in elke oor) • Slegs lapelwapens/speldjies van die skool of aktiwiteit waarby die skool betrokke is, mag gedra word. Indien VLR-lid, dan slegs die jaar waarop leerder op die VLR dien. **Die volgende is ontoelaatbaar** Geen vislyn of enige iets anders mag deur die gaatjies van die oor gedra word nie. • Geen pêrels, blink stene of enige ander kleur sal toegelaat word nie. • Geen kettinkies van watter aard ookal word toegelaat nie, ook nie armbandjies van enige aard nie. • Geen "body piercing" in enige liggaamsdeel behalwe die ore sal toegelaat word nie.
**Juwele Seuns**: Geen kettings, ringe, armband (rekkies of leer) mag gedra word nie. Slegs lapelwapens/speldjies van die skool of aktiwiteite waarby die skool betrokke is, mag gedra word**.** Verbode juweliersware word gekonfiskeer en tot die einde van die jaar in die skool se kluis bewaar.

**Grimering**
GEEN grimering word toegelaat nie.

**Naels**
• Mag nie verby die vingerpunte steek nie. • Slegs deursigtige, kleurlose naellak (sonder blinkers) mag saam met die skool- of sportdrag gedra word. • Geen kunsnaels word toetgelaat nie.

**Klasdissipline en -wisseling**
Klasdissipline weerspieël die gees van die skool en sal ten alle tye die volgende aspekte reflekteer: netheid, arbeidsaamheid, ordelikheid. Klaswisseling weerspieël eweneens die gees van die skool en sal soos volg geskied: vinnig, stil en ordelik. Hou links op stoepe en trappe tydens wisseling.

**Voor en na skool**
• Sodra die terrein deur 'n leerder betree is, tree alle reëls in werking. • Die terrein mag nie weer sonder toestemming verlaat word nie. • Vermy samedromming by parkeerarea, motorfietse en motors. • Klaskamers is nie oop nie, behalwe vir die leerders wat die lokaal skoonmaak. • Dieselfde reëls geld verder soos vir pouses.

**Motors en Motorfietse**
• Geen leerder wat nie in die besit van 'n rybewys is nie, mag die skool met 'n motor of motorfiets betree nie. • Geen motorfietse word verby die valboom toegelaat nie - ook nie na-uurs nie. • Let op die snelheidsperk van 10km per uur. • A.g.v beperkte spasie is geen parkering beskikbaar op die skoolterrein nie. • Motors word op eie risiko buite die skoolgrond parkeer. • Enige voertuig wat op 'n ongemagtigde plek parkeer, sal weggesleep word.

**Skooltasse**
Enige versterkte blou, bruin of swart skooltas is aanvaarbaar. Geen onversterkte sakke sonder afskortings word aanvaar nie. Skooltasse moet netjies wees - slegs naam en graad word daarop aangebring. Skooltasse word voor skool en tydens pouses voor die lokaal teen die muur vir volgende periode gelaat. Geen tasse voor kleedkamers, trappe nie.

**Sportbyeenkomste**
Skooldrag, amptelike sweetpakke of amptelike ontspanningsdrag is verpligtend vir deelnemers en toeskouers. Bywoning van interhuis-atletiek is verpligtend vir alle leerders en hulle word aangemoedig om sover moontlik die skool as toeskouers te ondersteun.

**Kantoorbesoeke**
• Kan plaasvind na afspraak deur die sekretaresse. • Tydens lesure moet die betrokke onderwyser skriftelik toestemming in die leerder se huiswerkboekie verleen. (Dit moet tot die uiterste noodsaaklikhede beperk word.) • Algemene navrae word by die venster gedoen.• Die portaal mag nie as 'n deurloop gebruik word nie. • Die finansiële kantoor sal slegs oop wees voor skool, na skool en tydens pouses.

**Eiendom en vandalisme**
Die skoolterrein en gebou moet netjies en skoon gehou word en rommelstrooiing is 'n ernstige oortreding. Leerders moet gedurende skoolure die motorfietsparkeerarea vermy. Die gebou, meubels en apparaat moet beskerm en opgepas word. Geen graffiti op meubels, deure, mure en ander plekke word toegelaat nie en leerders moet behulpsaam wees met die bekamping van vandalisme. Elke leerder is verantwoordelik vir sy eiendom. Verlore items moet by die kantoor ingegee word. Leerders kan gebruik maak van die sluitkassies op die terrein.

**Drankmisbruik en rook**
• Geen leerder mag alkoholiese drank op die skoolterrein bring of gebruik nie. • 'n Leerder wat alkoholiese drank gebruik het, mag nie die skoolterrein betree nie. • Oortredings in hierdie verband word in 'n baie ernstige lig beskou. • Die nuwe tabakwet verbied enige rook in die geboue en op die skoolgrond. Geen leerder mag dus op die skoolterrein of in skooldrag rook nie. Leerders wat rook, ondermyn hul eie gesondheid. Hierdie oortreding word ook in 'n baie ernstige lig beskou. • Geen leerder mag in besit wees van vuurhoudjies, aanstekers of sigarette nie. • Leerders mag nie na tabak ruik, of in die geselskap, of in die omgewing van rokers wees nie. • Geen rookpype (hubbly) word op die terrein toegelaat nie.

**Dwelmgebruik /-misbruik**
Volgens Onderwyswet 84 van Artikel 8a van 1996 mag enige leerder vir dwelms getoets word en die ouers sal binne 24 uur in kennis gestel word van die uitslag.

**Versuime en detensieklas**
• Leerders wat hul skuldig maak aan pligsversuim ten opsigte van huiswerk en/of gedragsprobleme ontvang 'n "versuim"- inskrywing. • Detensieklasse vind tussen 14:00 en 16:00 op 'n Vrydag plaas. • Merietes kan volgens verdienste verwerk word. Drie versuime kwalifiseer vir 'n detensie. In sekere gevalle kan gemeenskapsdiens die plek van detensie inneem. Ontduiking van detensie / gemeenskaps-diens kan drie dae skorsing tot gevolg hê.

**Telefone, Selfone en 'iPods'**
Geen selfone, iPads of iPods mag tydens lesure of eksamen uitgehaal of aangeskakel wees nie. Oortreders se foon / apparaat sal gekonfiskeer word en 'n afkoopboete van R100 kan aan die einde van die dag betaal word of 90 demerietes kan geneem word. m.a.w. drie detensies. (Die fonds word in die behoeftiges of voedingskema in ons skool aangewend.) Selfone mag wel deel uitmaak van 'n les onder die toesig van 'n personeellid.

**Algemeen**
Daar word verwag dat leerders altyd goedgemanierd, hoflik sal optree teenoor mekaar, personeel, besoekers en publiek. Diefstal word in 'n baie ernstige lig beskou en kan tot skorsing lei. 'Kommunikasiebus': die bus is in die portaal beskikbaar vir enige kommentaar of voorstelle deur leerders.

**('n Meer volledige weergawe van die skoolreëls is in die leerderdagboekie beskikbaar)**

## ONDERNEMING DEUR OUER/VOOG

**EK VERKLAAR:**

1. Dat ek die dokument volledig ingevul het en dat die besonderhede waar en korrek is.
2. Dat ek my van die skoolreëls vergewis het en dat ek toestem dat my kind hom/haar verbind tot nakoming deur al sy/haar studiejare van hierdie reëls soos van tyd tot tyd deur die Hoof en personeel of Beheerliggaam vasgestel. Ek sal my neerlê by enige stappe wat deur die Hoof of Beheerliggaam geneem word wat uit die herhaaldelike oortreding van hierdie reëls mag voortspruit.
3. Dat ek kennis dra van die feit dat, alhoewel akademie steeds prioriteit nommer een bly, Hoërskool Noordheuwel op opvoeding as totaliteitsgebeure fokus en dat my kind deur die loop van die jaar aan ten minste een sport of een kultuuraktiwiteit moet deelneem. Dat die leerder skoolaktiwiteite in 'n ondersteunende hoedanigheid sal bywoon (Dié bepaling het spesifiek ten doel om leerders van Hoërskool Noordheuwel deel te maak van die skool, waarby álle leerders, sonder uitsondering moet inkoop.)
4. Dat ek kennis neem van die feit dat die aanbieding van vakke in graad 10 tot 12 sal afhang van die minimum klasgrootte soos deur die Beheerliggaam bepaal. Dit het die implikasie dat leerders in alle grade moontlik nie deur die loop van die jaar van vak en graad sal kan verwissel nie. Sodanige versoeke sal slegs aan die einde van die jaar oorweeg word waar druiping ter sprake is of indien 'n leerder reeds in Oktober van die vorige jaar daarom aansoek doen.
5. Ouers, voogde en leerlinge verbind hulle aan die skool se beleidsdokument insake alkohol- en dwelmgebruik/misbruik. Dit behels onder meer dat 'n leerling op ad hoc-basis urinetoetsing kan ondergaan (koste vir ouers/voog se rekening). Beleid beskikbaar in administratiewekantoor.

ONDERTEKEN TE ............................................................................................ OP HIERDIE ................................

DAG VAN ........................................................................................................ IN DIE JAAR ..............................

**AS GETUIES:**

................................................................................
**HANDTEKENING VAN OUER/VOOG**

1. .........................................

2. ..........................................

...............................................................................
**NAAM VAN LEERDER**

......................................................................
**HANDTEKENING VAN LEERDER**

**Stuur asb voltooide aansoeke na: elize.viljoen@nories.co.za of alta.kriel@nories.co.za**